INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 4 3 | 98 03 19 0 78 | 8 | 2638 |

DIE BURGER Jg. 83 Nr. ........ P. 21 Dat. 19 MAR 1998

# Kommer oor oorname van Sasria

Jacques Dommisse

KAAPSTAD. – Die Suid-Afrikaanse korttermyn-versekeringsbedryf wat lede van die Suid-Afrikaanse Spesiale Risiko-Assosiasie (Sasria) is, het 'n regspan aangestel om te verhinder dat die Regering beslag kan lê op die fonds se reserwes om staatskuld te verminder.

Sasria, wat 'n doelgerigte versekeringsfonds vir skade en verliese weens onluste is, is in 1978 begin. Die groep is juis begin omdat individuele korttermyn-versekeringsgroepe se risiko weens onlusskade baie groot was. Tans behoort 48 korttermyn-versekeringsgroepe, amper almal in die bedryf, aan Sasria.

Mnr. Trevor Manuel, Minister van Finansies, het in die Begroting verlede week gesê die oorskotbates van Sasria gaan aangewend word om staatskuld te verminder.

In die Begrotingsoorsig is gesê wetgewing gaan vanjaar nog by die Parlement ingedien word om Sasria in 'n openbare maatskappy te omskep met die staat as enigste aanvanklike aandeelhouer.

Verder sal dit die Regering toelaat om sy risiko ingevolge sy herversekeringsdekking te beperk tot sy aandeelhouding in die nuwe maatskappy.

Mnr. Mike Strydom, besturende direkteur van Sasria, sê die groep se lede het pas ooreengekom om die staat se aanspraak op Sasria en sy reserwe-bates teen te staan.

'n Regspan is aangestel, wat spoedig tot aksie sal oorgaan om die Regering se planne te stuit, het hy gesê.

Sasria het tans reserwes van amper R10 miljard. Die staat is van plan om sowat 80% van die geld vir die afbetaling van staatskuld te gebruik. Sasria wil dit verhinder, sê hy.

Strydom sê hoewel individuele versekerdes nie aanspraak op die reserwes het bloot omdat hulle premies betaal nie, het hulle wel 'n belang in die gesonde voortbestaan van die reserwefondse en die groep.

Hy meen Sasria se voortbestaan is belangrik, veral omdat groot skade weens stakings, 'n alledaagse verskynsel in Suid-Afrika, steeds aangerig kan word.

Intussen het onafhanklike ontleders, wat nie hul name genoem wil hê nie, gesê dit is 'n kwade dag as die Regering bloot fondse se spaargeld gebruik om sy boeke te laat klop. "Die demutualiseringsheffing, wat 'n heffing is op nabelaste geld waarvoor hard gewerk is, is nog 'n voorbeeld hiervan," is gesê.

TREFWOORDE

1 Maatskappye
2 Onluste
3 Versekering
4 Manuel T
5 Begroting
6 Aandeelhouers
7 Heffings
8 SASRIA
9 Stakings
10 Staatskuld